




KUNS



## Lourens tref met 'n donker ongemaklikheid

13 Mei 2018 12:30



MJ Lourens se Ode to Chemistry.

Die kunstenaar MJ Lourens se jongste tentoonstelling het pas in die Barnard-gallery in Nuweland, Kaapstad, geopen. **Melvyn Minnaar** het gaan kyk.

Dis al 'n paar keer genoem hoe hierdie kunstenaar uit die Hoëveld die spook van Pierneef oproep: Die landskap strak volgens die horison bepaal, nie 'n mens in sig nie, die sjarme van die geometriese in die afgemerkte blik, daardie wolke! En dan ook hoe ons, as kykers, betekenis en selfs simboliek in

daardie landskap moet ontsluit, moet uitlê.

Op die oog af vind MJ Lourens se fyn-fyn vernuf met die kleinste kwassie, gedetailleerde akrielverf op harde plankbord met visies wat neig na ryk fotorealisme 'n ingeboude aanklank by kykers. Daar's 'n wonder iewers te ontdek, te ontgin in daardie panorama.

Maar hierdie nuwe groep skilderye, amper genadeloos in hul verwantskap en tema, tref jou met 'n donker ongemaklikheid. Sy tentoonstelling heet *Views on Entropy*, 'n slim, gelade en dubbelsinnige titel wat net soms 'n bietjie lig inlaat op tonele wat telkens apokalipties, wanhopig gloei.



Die kunstenaar MJ Lourens in sy ateljee.

Die meesal wye skemer-vistas herinner plek-plek aan die Kaapse Skiereiland. Die fiksie en werklikheid daarvan in paradoksale omhelsing. Lourens laat nie die kyker sommer los nie: Daar is ook kol-kol 'n "verbrokkeling" van die beeld wat in "pixel"-blokkies afbreek, graffiti-"tag"-skrif wat die kalme van die uitsig versteur.

Met ander woorde, wat jy sien is ook nie noodwendig die presiese blik nie. Enigmatiese titels vir die skilderye – soms duidelik ironies, andersins

obskuur poëties – maak hierdie ontginning ook nie eenvoudig nie.

'n Skildery soos *The Fall of Apathy* kan soos die metafoer van die halfvol/halfleë glas

gelees word: positief of negatief – geboue-konstruksie goed of sleg, wins of verlies van die land-/stadskap?

Die gebou wat in *Place* se skemer sy “Pax”-neonteken ironies laat gloor, het ’n distrofiese ongenaakbaarheid. Ironie of nie?

Terwyl die meeste skilderye, almal dieselfde formaat, in neutrale swart rame agter glas geraam is wat daaraan ’n soort gestolde kwaliteit gee, bars ’n vyftal wispelturig soos ongerymde legkaartstukke teen ’n muur uit. Is die vorms verskietende wolke, omlynings van “tag”-sinne? Hoe lees ons as kykers dié?

Daar is geen twyfel oor MJ Lourens se visie en vaardigheid nie. Hierdie puik tentoonstelling is nog ’n tergende mylpaal van ’n kunstenaar immer op reis deur die landskap, realisties of nie, fiksie of nie.

\* Tot 29 Mei.

**Meer oor:** [Visuele Kuns](#) | [Kaapstad](#) | [Barnard-Galery](#) | [Nuweland](#) | [Mj Lourens](#)